# HEIDEKOPPIE NUUS

HEIDEKOPPIE
Die Gemeente met Oop Deure

BELEEF BEHOORT BEDIEN



"Daarom, liewe broers,
wees standvastig,
onwankelbaar,
altyd oorvloedig
in die werk van die Here,
omdat julle weet
dat julle inspanning
in diens van die Here
nie tevergeefs is nie."

1 Kor 15:58b

## EREDIENSTE

**VANDAG**
**Doop**

**Deuroffers:** Koninkryksfonds

**40 DAE: GEMAAK OM GOD EN ANDER TE DIEN**



*Ds Anton*
2 Tim 1:9, Ef 2:10

**08:30**
Kontemporêre diens
Bababediening, Kinderkerke, Space

**10:15**
Klassieke Diens

**10:30**
Belydenisklas

**19:00**
Open Door Sundays
*Past Adam*



### DOOP

Die doop word vanoggend bedien aan Miné Rentzke. Baie welkom aan klein Miné en baie geluk aan haar ouers Hermann en Chané!

Gemeente met Oop Deure | H.v. Protea- en Stasieweg, Brackenfell | 021 981 2690
admin@heidekoppie.com | www.heidekoppie.com | www.facebook.com/Heidekoppie
https://www.youtube.com/user/heidekoppie /
https://www.instagram.com/heidekoppiegemeentemetoopdeure/

Leraar: Ds Anton Roux 083 504 2613 | ants@heidekoppie.com
Jeugwerker: Adam Barker 074 172 9187 | adam@heidekoppie.com

# BEHOORT




**VERJAARSDAE**

*Baie geluk aan die volgende persone, 70 jaar en ouer, wat verjaar!*

**JUNIE**
7: Marie Lamprecht, Erina Nel
8: Carina Olivier
9: Mara Coetzer, Johan Keuler, Jays Wessels
10: Grethe van der Vegt (80jr), Marie Wiese (80jr)
11: Louise du Toit, Alice van Rhyn Leonell Blaauw (70jr)
12: Jan Heath, Izak Mostert, Susan Myburgh
13: Jan Hills

SnapScan

Snap here to pay

E-skakel:
https://pos.snapscan.io/qr/Uk4Z6AES

**BEWYS VAN LIDMAATSKAP**
*is ontvang van*
George Hermann Rentzke vanaf Eendracht en Chané Grobbelaar (nou Rentzke) vanaf Kuilsrivier De Eike

*Baie welkom aan hierdie lidmate!*

## DAGBOEK DIE DATUM!




"Wat julle ook al doen,
doen dit van harte
soos vir die Here en nie vir mense nie, omdat julle weet dat julle van die Here as beloning sal kry wat Hy belowe het.
**Christus is die Here in wie se diens julle staan.**"
Kol3: 23. 24

BANKBESONDERHEDE: NG Kerk Heidekoppie, Absa Brackenfell, Universele Kode: 632005
Tjekrekening nr 145 058 0674

# BESOEK AAN MADAGASKAR

**Program tot 15 Junie**

5 Junie: Aankoms in Antananarivo en by Nic en Tina se huis.
6 Junie: Voorligtingsessie by Nic en Tina, verkenning van omgewing.
7 Junie: Vertrek per pad na Morondava.   8 Junie: Aankoms in Morondava.   9 Junie: Morondava.
10 Junie: Vertrek per pad na Belo. Aankoms in Belo.
11 Junie: Opening van Opleidingsentrum.
12 Junie: Vertrek per pad na Morondava en Antananarivo. 13 Junie: Arriveer te Antananarivo.
14 Junie: Kuier saam met Nic en Tina.   15 Junie: Vertrek na Suid-Afrika
Bid saam vir die besoek aan Madagaskar, vir veilige reise, vir Nic-hulle se reëlings en ook vir Martha en Diana tuis.

*Nic skryf aan die einde van verlede maand:*

"Belo is gereed vir die opening. Ons is steeds besig met logistiek. Sukkel 'n bietjie om aansluitings te kry (taxis) vir ons groepleiers om hulle almal betyds in Belo te kry (en weer terug by die huis). Van hulle sal 4 dae op die pad wees (een rigting)! Bid asb saam met ons vir Vader se guns.

Die Evangelisasie en kerkplanting, jeug - en gevangenisbediening, radiostasie ens. gaan normaal voort en ons dank Vader vir die oorvloedige seën en resultate! Bid asb. vir ons gesondheid, vir energie en geestelike welstand om gefokus te bly met ons oor teen Sy hart.

Dankie vir die saamstap. Dit is vir ons inspirasie!
Seënwense en vrede vir julle!!

| Metric | February 2026 | March 2026 | April 2026 |
|---|---|---|---|
| People Evangelised | 12,102 | 9,876 | 14,748 |
| Believing Followers | 5,846 | 4,892 | 8,139 |
| Baptised Believers | 18 | 72 | 60 |
| Meeting Places | 405 | 175 | 195 |
| Meeting Attendees | 23,580 | 18,768 | 30,923 |
| Pioneer Successors | 285 | 290 | 331 |
| Sustainable Churches | 150 | 131 | 160 |
| Number of Pioneers | 31 | 29 | 32 |

Nic-hulle se werk behels dat hulle sendelinge/evangeliste oplei wat dan die Woord uitdra en ook nuwe kerke plant. Die sendelinge word deurentyd ondersteun. Hierbo is statistieke van hulle werk.


Uitstuur


Op die lughawe

# KWARTAAL 2 – 'N KWARTAAL OM GEESTELIK TE GROEI

*"Oefen jou liewer om in toewyding aan God te lewe." 1 Tim 4:7*

## OM SAAM MET ANDER TE GROEI

Ons is nie geskape om ons geloofslewe *alleen* te leef nie. Geloof is nie my persoonlike dingetjie wat ek net in die privaatheid van my eie blyplek beoefen nie.

Deur saam Bybel te lees en te gesels, kry ons nuwe insigte en nuwe perspektiewe en groei ons begrip van God se waarheid. Dit is ook versterkend om saam te bid.





## BEHOORT

Ons bemoedig en versterk mekaar
Die geloofspad het uitdagings. Ander gelowiges kan ons aanmoedig wanneer ons moeg of moedeloos raak en ons in moeilike tye ondersteun.

In die geloofsgemeenskap kry ons geleenthede om die gawes wat God gegee het, te ontwikkel en te gebruik.
Wanneer ons saam dien, leer ons om minder op onsself en meer op ander te fokus.







*"Laat hulle Hom verheerlik in die vergadering van die volk ... "*
Psalm 107:32

Die uitlewing van ons geloof en die aanbidding van God saam met ander gelowiges *gee aan ons vreugde, ondersteuning en 'n gevoel van behoort.*

# BID SAAM






## Biddag vir Blindes

***Bid vir Blindes***
vir krag en vertroosting.
vir geleenthede, werksgeleenthede en inklusiwiteit.
vir vriende en lewensmaats.
vir onafhaklikheid, vervoer en talle daaglikse uitdagings.
vir God se leiding en lig.

***Bid vir hulle gesinne***
vir liefde en geduld.
vir ondersteuning en hoop.

***Bid vir "Innovation for the Blind" in Worcester***
vir hul werk met blinde en dowe mense.
vir finansies, terapeute, nuwe hulpmiddels en sorg.
vir vertalers in Braille.







### GEBED TEEN XENOFOBIESE GEWELD

"Here van vrede en geregtigheid,
ons kom vandag voor U met swaar harte oor die geweld en haat
wat teen vreemdelinge en buitelanders gerig word.
Ons bely dat vrees en wantroue soms ons denke en optrede beïnvloed.
Breek die kettings van xenofobie in ons gemeenskappe.
Help ons om die wet toe te pas, maar dit met menslikheid en deernis te doen.
Help ons om griewe met dialoog op te los.
Help ons om sisteme te ontwikkel waardeur immigrasie
billik, deursigtig en effektief kan geskied.
Vul ons met U Heilige Gees om liefde, gasvryheid en respek te leef.
Laat ons hande en woorde genesing bring, nie seermaak nie.
Wil U dit wat in die duister is, aan die lig bring,
maar mag U lig ook die duisternis van haat verdryf,
en mag U vrede oor ons land vloei.
In die Naam van Jesus Christus, ons Vrede
Amen."

# 40 DAE DOELGERIGTE LEWE

## WAT OP AARDE MAAK EK HIER?

**1**

ons is gemaak
om God te aanbid

40 dae
doelgerigte lewe

**2**

ons is gemaak
om deel te wees
van God se familie

40 dae
doelgerigte lewe

**3**

ons is gemaak
om soos Christus
te wees.

40 dae
doelgerigte lewe

**4**

ons is gemaak
om te dien.

40 dae
doelgerigte lewe



40 Dae byeenkoms
die afgelope Woensdagaand.

*"Hy het ons gered en ons geroep om aan Hom toegewy te wees."*

2Tim1:9

# ONS DIEN



Sondagoggende by die Lasarusstoor by die stasie.
Woordbediening en iets om te eet.




Bottels droë bredie-mengsel
wat ontvang is. 'n Heerlike ete!

**Uit Heidekoppie se visielied**

" Maak oop my oë Heer, vir ander se nood
Laat my vertel Heer, aan klein en aan groot
God wil jou nie verlore laat gaan
Glo in Sy redding, neem Jesus aan."



Al die bolle en stringetjies wol wat ontvang word, word omskep in mussies, handskoene, serpe, kopbande en slaapsokkies!
Dankie aan almal wat wol skenk en almal wat brei ❤️.



# ALLERLEI






Nuwe lidmate word welkom geheet.

## SILWERJARE SENIORS






" Maak my 'n beeld van Jesus se liefde,
om in die nood U hande te wees.
Ek gee myself aan U as offer,
onder beheer van die Heilige Gees.
Hier staan ek voor U, net soos Jesaja,
raak my nou aan met U Heilige Vuur.
Sodat ek oral U Liefde kan uitdra-
hier is ek Heer, u kan my stuur!"

-*"Ek wil kom stil word."* Flam 39